

Vrydag 23 Julie

Skrifgedeelte: Hooglied 2:2 – 3:5;
Genesis 17:7; Openbaring 21:2-3

Fokusgedeelte: Hooglied 2:7, 16;
3:5

Die afwagting van die liefde

In hierdie gedeelte leer die Here ons hoe om die spannende balans tussen die “reeds” en “nog nie” van liefde, veral tussen ongetroudes, te benader. Aan die een kant is daar reeds ’n liefdevolle hunkering na mekaar. Die oortuiging dat hulle aanmekaar verbind is, klink uit vers 16 op: “*Die man wat ek liefhet, is myne, en ek syne.*” Hulle het al besluit om getrou aanmekaar te wees. Vers 2 en 3 maak dit ook duidelik dat hulle reeds die sekerheid in hulle harte het en bymekaar wil wees.

Tog hoor ons hulle is nog nie getroud nie (2:7; 3:5): “... *moenie die liefde wakker maak en aanvuur voor die tyd daarvoor ryp is nie.*” Hieruit leer ons om die liefde op ’n gesonde wyse te laat groei. Om “die liefde wakker te maak ...” beteken hier om dit tot aksie uit te lok voordat die tyd reg is. Uit die Skrif is dit duidelik dat alleen die huwelik die veilige ruimte bied waarin ’n mens jouself geheel en al en ook in die seksuele mag én moet gee aan jou huweliksmaat.

Wat moet verliefdes, verloofdes en getroudes doen? Vers 15 verwys na die meisie en jongman se liefdesband as wingerde wat al bot. Ons hoor wat hulle moet doen terwyl hulle uitsien. Hulle moet die jakkalse vang wat hulle wingerde verniel. Hulle moet aktief saam werk om die dinge wat hulle verhouding beskadig, uit die weg te ruim.

Vers 16 is verbondswoorde. Dit laat mens dink aan God se genade en troue liefde teenoor ons (Gen. 17:7; Op. 21:2-3). Dis die soort liefde wat Hy in Christus teenoor ons betoon - Hy is ons God, ons sy kinders. Man en vrou is geroep om sy troue liefde teenoor mekaar te betoon.

Sing: Skrifberyming 18-6:1-5

Teologiese Student J van Schaik (Hanno)